

Rapporteerbaar:	Ja /
Nee	
Sirkuleer onder Regters:	Ja
/ Nee	
Sirkuleer onder Landdroste:	
Ja / Nee	
Sirkuleer onder Streeklanddroste:	Ja /
Nee	

**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Saak No: CA&R 67/2010
Saak Aangehoor: 26/03/2012
Datum gelewer: 30/03/2012

In die saak tussen:

Gerald Block

Appellant

en

Die Staat

Respondent

Coram: Lacock R et Olivier R et Erasmus WnR

UITSPRAAK

Olivier R:

1]. Die appellant, mnr Gerald Block, het as tweede beskuldigde saam met mnre Melton Louw en Elrico Visagie (onderskeidelik beskuldigdes 1 en 3) tereggestaan op 2 aanklagte van verkragting¹ op dieselfde 19-jarige klaagster. Beskuldigde 3 het verder ook tereggestaan op twee aanklagte van aanranding.

2]. Wat die twee aanklagte van verkragting betref, het die appellant en sy medebeskuldigdes onskuldig gepleit daarop. Hulle het erken dat

¹ ter oortreding van artikel 3 van die Strafreghwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 32 van 2007

elk van hulle met die klaagster gemeenskap gehad het, maar aangevoer dat dit net een keer was dat elkeen van hulle met haar gemeenskap gehad het en dat dit telkens met haar toestemming geskied het. Beskuldigde 3 het op aanklagte 3 en 4 onskuldig gepleit. Hy het op aanklag 3 sy swygreg uitgeoefen, en op aanklag 4 aangevoer dat hy in noodweer opgetree het.

- 3]. Die appellant en sy medebeskuldigdes is egter aldrie skuldig bevind op beide die aanklagte van verkragting. Beskuldigde 3 is ook skuldig bevind op die twee aanklagte van aanranding. Die twee aanklagte van verkragting is in die geval van die appellant en sy medebeskuldigdes telkens saamgeneem vir doeleindes van vonnis en die appellant en sy medebeskuldigdes is ten aansien van daardie aanklagte elkeen gevonniss tot lewenslange gevangenisstraf. Die twee aanklagte van aanranding is ook saamgeneem vir doeleindes van vonnis en beskuldigde 3 is daarop gevonniss tot 6 maande gevangenisstraf, wat gelas is samelopend uitgedien moes word met sy vonnis van lewenslange gevangenisstraf op die twee aanklagte van verkragting.
- 4]. Die appellant en sy medebeskuldigdes het daarop aansoek gedoen om verlof tot appèl ten aansien van hulle skuldigbevindings sowel as hulle vonnisse. Verlof tot appèl is egter ten aansien van die skuldigbevindings sowel as die vonnisse afgewys.
- 5]. Die appellant het toe by wyse van petisie aansoek gedoen om verlof om teen sy skuldigbevindings en vonnis te appelleer. Wat die

vonnis betref, het hy aangevoer dat daar fouteer is deur nie te bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf sou regverdig nie, dat die erns van die misdade en die belange van die gemeenskap oorbeklemtoon is en dat sy persoonlike omstandighede onderbeklemtoon is. Op 25 Oktober 2010 is aan die appellant verlof verleen om teen slegs sy vonnis te appelleer.

- 6]. Die toets vir inmenging op appèl is betreklik geyk en is onlangs weer soos volg saamgevat in **DPP v Mngoma**²:

*“The powers of an appellate court to interfere with a sentence imposed by a lower court are circumscribed. This is consonant with the principle that the determination of an appropriate sentence in a criminal trial resides pre-eminently within the discretion of the trial court. As to when an appellate court may interfere with the sentence imposed by the trial court, Marais JA enunciated the test as follows in **S v Malgas** 2001 (1) SACR 469(SCA) at 478d-g [also reported at [2001] 3 All SA 220 (SCA) – Ed]:*

‘A court exercising appellate jurisdiction cannot, in the absence of material misdirection by the trial court, approach the question of sentence as if it were the trial court and then substitute the sentence arrived at by it simply because it prefers it. To do so would be to usurp the sentencing discretion

² [2010] 2 All SA 456 (SCA) para [11]

of the trial court. Where material misdirection by the trial court vitiates its exercise of that discretion, an appellate Court is of course entitled to consider the question of sentence afresh. In doing so, it assesses sentence as if it were a court of first instance and the sentence imposed by the trial court has no relevance. As it is said, an appellate Court is at large. However, even in the absence of material misdirection, an appellate court may yet be justified in interfering with the sentence imposed by the trial court. It may do so when the disparity between the sentence of the trial court and the sentence which the appellate Court would have imposed had it been the trial court is so marked that it can properly be described as 'shocking', 'startling' or 'disturbingly inappropriate'".

- 7]. Dié toets geld ook by die oorweging van 'n appèl soos die onderhawige, waar dit gaan oor die korrektheid van die bevinding dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede was wat 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig het nie. Dit is so omdat 'n verhoorhof, by die oorweging van hierdie vraag (en die inbegrepe vraag of die oplegging van die voorgeskrewe vonnis sou lei tot 'n ongeregtigheid³), steeds die diskresie uitoefen wat by oorweging van vonnis tersprake is. Daardie diskresie is nie weggeneem deur die wetgewing rakende voorgeskrewe vonnisse nie; dit is bloot ingeperk⁴. In **S v Matyityi**⁵, waar die korrektheid

³ **Rammoko v Director of Public Prosecutions** 2003 (1) SACR 200 (SCA) para [4]

⁴ **S v Malgas** 2001 (1) SACR 469 (SCA) paras [3], [8], [14], [25]

⁵ 2011 (1) SACR 40 (SCA)

van 'n bevinding oor wesenlike en dwingende omstandighede oorweeg is, is ook verwys na die “*sentencing discretion*” van 'n verhoorhof⁶.

- 8]. Wat betref die feit dat die twee aanklagte van verkragting saamgeneem is vir doeleindes van vonnis, is dit nooit aangevoer dat dit nie regtens toelaatbaar was nie. Dit blyk dan ook dat dit al in die verlede gebeur het dat aanklagte ten aansien waarvan voorgeskrewe vonnisse bestaan, saamgeneem is vir doeleindes van vonnis⁷. Wat egter na my oordeel hier van belang sal wees, is of die betrokke aanklagte individueel ook die uiteindelijke vonnis sou regverdig het⁸.
- 9]. Alhoewel dit sekerlik so is dat die onderhawige misdade van verkragting nie die ergste is waaraan 'n mens jou kan indink of wat al voorgekom het nie, bly hulle steeds uiters ernstig van aard. Dit blyk dat die klaagster en haar minderjarige vriendin saam met die beskuldigdes gekuier het in die woning van iemand wat hulle geken het, en dat die klaagster en haar vriendin toe agtergebly het toe die eienaar van die woning daar weg is; dit nadat die eienaar, mnr Louw, nogal heel ironies vir beskuldigde 1 gesê het “*julle moet nou rustig wees hier in die huis in*”.
- 10]. Een of meerdere van die appellant en sy medebeskuldigdes moes

6 Para [17]

7 **S v Schrich** 2004 (1) SACR 360 (C); **Director of Public Prosecutions, Transvaal v Venter** 2009 (1) SACR 165 (SCA)

8 **S v Mhlakaza and Another** 1997 (1) SACR 515 (SCA) op 523g-j

toe die huis van binne gesluit het, want toe die klaagster op 'n latere stadium gepoog het om die huis te verlaat, het sy ontdek dat dit gesluit was. Die appellant het geweier, toe sy hom so versoek het, om vir haar oop te sluit. Toe die klaagster daarna gepoog het om deur 'n venster te ontsnap, het beskuldigdes 1 en 3 haar gegryp en na 'n slaapkamer gedra. Daar het beskuldigde 1 haar teen 'n muur vasgedruk, haar op 'n bed neergegooi, haar gewurg en, nadat hy 'n mes teen haar nek gehou het, haar verkrag. Dit het plaasgevind in die teenwoordigheid van beskuldigde 3 en ook van die klaagster se minderjarige vriendin.

- 11]. Die appellant het, op sy beurt, ten tye van hierdie gebeure in 'n ander vertrek musiek baie hard gespeel, met die doel om te verhoed dat mense buite die klaagster se gille kon hoor.
- 12]. Beskuldigde 3 het toe die minderjarige vriendin van die klaagster gewurg, en wou haar verkrag. Die klaagster het egter tussenbeide getree vir haar en vir beskuldigde 3 gesmeek om haar te los, en om eerder enigiets met haar te doen wat hy wou.
- 13]. Daarop het beskuldigde 3 ook die klaagster verkrag en ná hom het die appellant die klaagster verkrag. Daarna het aldrie die beskuldigdes weer om die beurt die klaagster verkrag.
- 14]. Dit is in die betoogshoofde namens die appellant aangevoer dat die appellant en sy medebeskuldigdes ten tye van hierdie gebeure onder die invloed van drank was, en dat die appellant op die

ouderdom van 25 jaar nog “*relatief jonk*” was. Die vals weergawe wat die appellant verkies het om voor te hou, maak dit moeilik om enige basis hiervoor, of vir die rol wat dit mag gespeel het, te vind. Die appellant was in elk geval nog heel berekend in sy weiering om die klaagster uit te laat en in sy stappe om haar gille te verdoof.

- 15]. Daar is namens die appellant in die hoofde toegegee dat die klaagster wel emosionele letsels sou opgedoen het as gevolg van die voorval, maar daar is aan die hand gedoen dat daar geen getuienis is oor hoe ernstig en blywend sodanige letsels is nie. Dit blyk egter dat die klaagster, selfs op die stadium van die verhoor en ten tye van die aflegging van haar getuienis, nog steeds die gebeure nie kon verwerk nie. Sy moes meer as een keer die geleentheid gebied word om haar emosies onder bedwang te bring.
- 16]. Dit is so dat die appellant se twee vorige veroordelings vir aanranding reeds in 2004 was, terwyl die onderhawige voorval op 21 April 2009 plaasgevind het. Die feit bly egter dat die appellant vorige veroordelings gehad het wat direk verbandhoudend is, en wat ook aanduidend is van ‘n gebrek aan respek vir die fisiese integriteit van sy medemens. By die laaste geleentheid is die appellant op 10 November 2004 ses maande gevangenisstraf opgelê, wat juis opgeskort is op voorwaarde dat hy nie ‘n misdaad van geweld teenoor die persoon van ‘n ander pleeg nie. Die onderhawige voorval het op 21 April 2009 plaasgevind, en dus nie baie lank na die verstryking van die opskortingsperiode nie.

- 17]. Die verhoorhof het volledig verwys na, en gehandel met, die appellant se persoonlike omstandighede. Daar is na my oordeel geen meriete in die kritiek dat dit onderbeklemtoon is nie. Daar is ook na my oordeel niks daarin wat besonder versagend of in die guns van die appellant kan werk nie.
- 18]. Ek meen ook nie dat enige faktor by die oorweging van vonnis oorbeklemtoon is nie.
- 19]. Mnr Schreuder het namens die appellant verskyn, alhoewel hy nie die betoogshoofde namens die appellant opgestel het nie. Hy het toegegee dat die verhoorhof geen mistasting begaan het nie. Hy het egter aan die hand gedoen dat die vonnis van lewenslange gevangenisstraf skokkend swaar is.
- 20]. Ek is egter van oordeel dat, selfs indien die twee aanklagte van verkragting individueel beskou word, enige van hulle opsigself in die geval van die appellant, en ook van sy medebeskuldigdes, 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf sou geregverdig het.
- 21]. Die feit dat die appellant ongeveer nege maande verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het, is teen die agtergrond van die twee voorgeskrewe vonnisse van lewenslange gevangenisstraf van weinig betekenis⁹.
- 22]. Mnr Schreuder het ons verwys na verskeie sake waarin afgewyk is

⁹ vergelyk **Director of Public Prosecutions, Kwazulu-Natal v Ngcoba and Others** 2009 (2) SACR 361 (SCA) paras [24]-[27]

van die voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf¹⁰. Die feite van hierdie gevalle verskil egter totaal van dié van die onderhawige geval en, met die uitsondering van net twee van die betrokke gevalle, het nie enige van die ander geslaan op die situasie waar meerdere persone een klaagster verkrag het nie; laat staan nog elk meer as een keer.

- 23]. In **S v Matyityi** is weereens beklemtoon¹¹ hoe belangrik dit is dat daar op 'n eenvormige en standaard basis uitvoering gegee word aan die wetgewing wat voorgeskrewe vonnisse bepaal:

*“Despite certain limited successes there has been no real let-up in the crime pandemic that engulfs our country. The situation continues to be alarming. It follows that, to borrow from **Malgas**, it still is ‘no longer business as usual’. And yet one notices all too frequently a willingness on the part of sentencing courts to deviate from the minimum sentences prescribed by the legislature for the flimsiest of reasons – reasons, as here, that do not survive scrutiny. As **Malgas** makes plain, courts have a duty, despite any personal doubts about the efficacy of the policy or personal aversion to it, to implement those sentences. Our courts derive their power from the Constitution and, like other arms of State, owe their fealty to it. Our constitutional order can hardly survive if courts fail to properly patrol the boundaries of their own power by showing due deference to the legitimate domains of power of the other arms of State. Here*

10 **S v Nkomo** 2007 (2) SACR 198 (SCA); **S v GN** 2010 (1) SACR 93 (T); **S v Mahomotsa** 2002 (2) SACR 435 (SCA); **S v Ntsheno**; **S v Dlamini**; **S v R** 2010 (1) SACR 295 (GSJ)

11 2011 (1) SACR 40 (SCA) para [23]

Parliament has spoken. It has ordained minimum sentences for certain specified offences. Courts are obliged to impose those sentences unless there are truly convincing reasons for departing from them. Courts are not free to subvert the will of the legislature by resort to vague, ill-defined concepts such as 'relative youthfulness' or other equally vague and ill-founded hypotheses that appear to fit the particular sentencing officer's personal notion of fairness. Predictable outcomes, not outcomes based on the whim of an individual judicial officer, is foundational to the rule of law which lies at the heart of our constitutional order."

- 24]. Na my oordeel behoort die appèl dus nie te slaag nie en ek maak dus die volgende bevel hierin:

Die appèl misluk en die appellant se vonnis van lewenslange gevangenisstraf word bekragtig.

**C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam.

**H J LACOCK
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam.

**S L ERASMUS
WAARNEMENDE REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Nms Appellant:
In opdrag van:**

**Adv J Schreuder
André Potgieter en Vennote, KIMBERLEY**

**Nms Respondent:
Namens:**

**Adv Q H Hollander
Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY**